# Lukas 8:40-56 **H-O-M-E 1** **Londen, 3 Mei 2015**

**Waar is jou huis?** Wanneer is jy by die huis? ***slide***

*Home is the place where you grumble the most and are treated the best...*

Engels 'n verskil ts house en home – Afrikaans ts huis en tuiste

**Watter soort huis wil jy hê?** Hoe moet jou huis wees.... (maak lysie...)

Ons wil graag hê ons huise moet 'n veilige plek wees plek wees waar ons gesond kan word, vergewe word, eg mag wees, kos kry en feesvier...

***slide***

**1. Ons wil graag hê ons huise moet 'n veilige plek wees plek wees waar ons gesond kan word**

Jesus kom op verskillende plekke in die Bybel by mense in hulle huise en keer hulle lewens om

Lukas 6:27-32 (Levi), 7:36-50 (prostituut), 19:1-10 (Saggeus)

Lees **Lukas 8:40-56** **click**

*Elke huis het sy kruis – elke huis het sy pyn – ons weet presies wat dit beteken...*

*Nood, siekte, krisis, dood, planne wat nie uitwerk in die huis... verhoudings met ons huismense.... kinders se tantrums, besige skedules...*

*Orals is dit dieselfde – of jy 'n gewone mens of 'n koning of 'n Fariseër of 'n dominee is, maak nie saak nie*

*Duiwel kom slaap Saterdagaande in pastorie...*

Watter soort kerk/gemeente wil ons wees? **slide**

Ons weet ook hoe die **kerk wat ons geestelike tuiste veronderstel is om te wees**, dit soms nie is nie...

En dit is in hierdie wêreld waarin Jesus kom intree...

Hy kom om lewe en genesing vir ons huise te bring en ons as gemeente moet 'n veilige plek wees...!

**Jaïrus kom soek hulp by Jesus** – **slide** in sy huis is daar moeilikheid... bekommernis, siekte... 12 jarige dogtertjie is sterwend: Waarheen gaan jy daarmee?

- **Val op sy knieë** voor Jesus – **v 41**... teken van respek en eerbied, steek sy trots in sy sak – wat ons as ouers sal doen... ***waar herstel in ons huise begin!!!***
- **Smeek** vir Jesus om hulp – **v 41**... pleit: Kom asb na my huis toe – **v 41**, Maak my dogtertjie gesond – **v 42** – my dogter is nou 12...

  Enigste dogter: sy eie toekoms op die spel...

Wonder **hoekom het hierdie raadslid van die sinagoge – vyand van Jesus - na Jesus toe gekom het**...?

Glo hy rêrig, of was dit net 'n laaste uitweg?

Ons sê mos baie keer – "If all else fail, pray"!

Word baie keer verklap in ons gebede – "Here, help... gee... ek is in die moeilikheid..."

**En tog - Jesus weet van sy worsteling** – hy ken ons stryd om te glo, om te kom, om Hom te vertrou – ons huis-krisis...

En hy maak 'n vrou gesond *om vir Jairus te help...* **slide**

- 12 jaar lank siek
- Het ook al alles probeer – Jesus ook haar laaste uitweg, enigste uitweg...

Ook anders - Dink sy **kan kom sonder dat Hy weet**...

Hy weet altyd, die heeltyd, betrap Hom nie onwetend, onkant nie

Haar siekte het veroorsaak dat sy **blywend onrein** was (Lev 15:19), mag eintlik nie in openbaar ts mense wees nie - weet wat dit is om uitgeskuif te wees, om nie in tempel toegelaat te word nie, om nie te kan bid, offer nie....

Sy het nie eens die moed gehad om persoonlik met Jesus te praat nie, omdat sy skaam was... kan

nie die wêreld in die oë kyk nie...
Daarom huiwer sy om dit in die openbaar aan Jesus te sê, en raak eerder ongemerk die soom van sy kleed aan –

**En steeds maak Hy haar gesond**...

Vir die vrou was **genesing meer as net fisies gesond word** – dit was weer om haar kop te kon oplig en mense in die oë te kyk, om weer volwaardig vrou te word - haar geloof is meer as blote vertroue in iemand wat wonderwerke verrig! **slide**

Maar dit is ook 'n moeilike ding: Wat verwag ek moet die Here in my huis doen? 'n Wonderwerk?

*Veral omdat ons dit baie keer nodig het en dit gebeur nie... of wil ek net 'n slag die wêreld in die oë kyk...*

*My eie diepste oortuiging – ek is nie alleen nie... (The Crucified God)*

**Vir Jesus gaan genesing en herstel altyd oor baie meer as om die krisis af te weer en die towerstaffie te swaai** – die hoof oogmerk is 'n herstel in die verhouding met Hom... om mense, die wêreld, mekaar die Here weer in die oë te kan kyk...

- Hoof oogmerk is om verhoudings te herstel – wat wet sê!

Ons huise is kragtige plekke waar ons dit moet begin doen – anders nie 'n veilige plek nie

Dit is **as jy naby aan die Here kom dat jou lewe verander**

**Al was hulle verskillend** – binne tempel vs buite tempel, aansien vs uitgeskuif... nood, hartseer, moeilike omstandighede, die lewe het 'n manier om almal gelyk te behandel... geen waarborg pynloos lewe...

**In hulle nood was hulle gelyk voor die Here**

Tog het beide het 'n **diepe oortuiging gehad dat Jesus die krag en vermoë het om te genees**..

In albei gevalle neem Jesus die onreinheid weg, en gee aan hulle die lewe terug.

**Vir Jairus** was hierdie genesing: **om sy geloof te versterk**... ek kan hierdie Jesus vertrou...

God werk in jou lewe, in jou huis om ander se geloof te versterk

**slide**

Dit gaan ten diepste nie oor ons en ons worstelinge nie – oor die krisis in ons huise nie – dit gaan in die eerste plek oor God...

Want geloof en vertroue en in hierdie Here red – **v 48....**

Dit maak ons verhouding met Jesus Christus anders: Ons hoop lê buite ons...

In Jaïrus se huis was daar mense wat geen hoop gehad het vir haar nie en selfs vies was oor die Here Jesus se troos dat sy nie dood was nie,

*"**Daarom, Jaïrus,** maak Ek hierdie vrou gesond om jou te help om **net aan te hou glo!!"*** **v 50**

Hoe word ons huise veilige plekke vir ons mense? Wat het jou huis nodig? Vergiffenis... genesing...

**slide**

Hoe word ons 'n veilge plek?
Watter vergiffenis en genesing het ons as gemeente nodig...?